higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5030042)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Maak van volsinne gebruik tensy anders versoek.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die … verbind die brein aan die spinale koord.

A oksipitale lob
B pariëtale lob
C pons
D breinstam

1.1.2 Deel van die brein wat die ondersteuning van die liggaam beheer:

A Frontale lob
B Breinstam
C Pariëtale lob
D Temporale lob

1.1.3 Die … lob is die deel van die brein wat die patrone van beweging en sosiale gedrag beheer.

A oksipitale
B pariëtale
C frontale
D temporale

1.1.4 Die … help die persoon om ritme, musiek en dans te herken.

A temporale lob
B frontale lob
C breinstam
D pariëtale lob

1.1.5 Die deel van die brein wat in visie spesialiseer, is die …

A breinstam.
B oksipitale lob.
C frontale lob.
D breinstam.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Fobie is 'n intense vorm van vrees.

1.2.2 Estetiese ontwikkeling is die ontwikkeling van waardering van die mooi en artistieke dinge in die lewe.

1.2.3 Stimulasie en omgewingsinvloed is kritiek in die ontwikkeling van die baba.

1.2.4 Televisie sal altyd 'n negatiewe invloed op die jong kind hê.

1.2.5 'n Kind wat dit moeilik vind om te konsentreer, kan dalk aan afasie of spraakverlies lei.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies EEN opsie uit die volgende lys vir elkeen van die beskrywings hier onder. Skryf slegs die opsie langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

vrees; verlies van 'n ledemaat; 'n polisie amptenaar; sensorineuraliteit; fisiese mishandeling

1.3.1 Die … is 'n voorbeeld van 'n fisiese gestremdheid.

1.3.2 Kindermishandeling kan aan 'n … gerapporteer word.

1.3.3 'n Moeder hou die badkamer lig aan vir 'n kind wat bang is vir die donker.

1.3.4 … het te doen met die verlies van gehoor.

1.3.5 'n Kind het sigaretbrandmerke oral oor sy liggaam.

(5 × 2) (10)

1.4 Kies die korrekte woord(e) van dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Persoon wat bang is om te vlieg (aerofobies/aragnofobies)

1.4.2 'n Kind wat aan meedoënlose of ongespesifiseerde bekommernisse oor dinge rondom hom/haar ly: (veralgemeende angstigheid/sosiale angstigheid)

1.4.3 'n Nou oprit, veral by 'n deur in 'n VKO ('ECD')-sentrum (fisiese omgewingsversperring/opsetlike versperring)

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Steun vir kinders met epilepsie en hulle ouers om die stigma wat aan aanvalle verbonde is, te hanteer. (EpiCARE Nasionale Organisasie /Down Sindroom Nasionale Organisasie).

1.4.5 Versperrings wat deur die samelewing veroorsaak word en nie deur enige spesifieke medikasie nie. (fisiese hindernis/houdingshindernis)

(5 × 2) (10)

1.5 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat by ‘n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Kreatief	A	een van die toetse wat gebruik word om ‘n kind se intellektuele vermoëns te toets
1.5.2	Asma		
1.5.3	Tuberkulose	B	‘n siekte wat die immuunstelsel aantas en seksueel oordraagbaar is of deur kontak met gekontamineerde bloed
1.5.4	Intelligensie kwosiënt		
1.5.5	MIV/VIGS	C	‘n dodelike siekte by kinders en maklik om ander kinders te affekteer indien medikasie nie versigtig toegedien word nie.
		D	een van die eienskappe van ‘n begaafde kind
		E	‘n chroniese siekte wat moeilikheid met asemhaling veroorsaak

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Kyk na die volgende prente en benoem die ontwikkelingsarea in elke geval: (Noem enige ontwikkelingsrea slegs EEN KEER)

2.1.1



Bron: http://www.parenttoolkit.com

2.1.2



Bron: http://clipart-library.com

2.1.3



Bron: http://www.lakesharelearning.com

2.1.4



Bron: http://www.icanteachmychild.com

2.1.5



Bron:http://www.qualitycarefreeforchildren.org

(5 × 2) (10)

2.2 Noem die volgende voorbeelde van persepsie:

2.2.1 Begin om die kind aan die vermenging van verskillende kleure bekend te stel deur die primêre kleure te gebruik. Terwyl die kind die kleure meng, vra aan die kind vrae soos: Watter kleure meng ons om groen te kry?

2.2.2 Maak enkele tuisvervaardigde instrumente. Laat die groep kinders leer dat verskillende instrumente verskillende klanke maak.

2.2.3 Blinddoek 'n kind en laat die kind in die tuin rondloop. Laat hom/haar items in die tuin aanraak en probeer om hulle te identifiseer. Sluit items in wat verskillende teksture het.

2.2.4 Gebruik drie of vier vorms en rangskik hulle in 'n patroon. Gee aan die kind dieselfde vorms en vra hom/haar om jou patroon na te maak.

(4 × 2) (8)

2.3 Noem VIER fantasie-items wat in 'n VKO ('ECD') klaskamer geplaas kan word. (4)

2.4 Noem die tipe taal wat babas by die ouderdom van 6 maande gebruik en gee ‘n voorbeeld. (3)

[25]

VRAAG 3

Phelokazi het tuis geboorte geskenk. Aan haar is gesê dat sy ‘n mediese praktisyn binne 24 uur nadat sy geboorte geskenk het, moet gaan sien.

3.1 Wie sou vir Phelokazi bystaan as sy tuis geboorte skenk? (1)

3.2 Wat is die naam van die toets wat gedoen moet word binne ‘n paar minute nadat die baba gebore is? (2)

3.3 Watter tipe geboorte kon Phelokazi by die hospitaal gehad het indien sy komplikasies gedurende haar swangerskap ondervind het? (2)

3.4 Noem SES verskillende reflekse wat getoets word nadat ‘n baba gebore is? (6)

3.5 Bepaal die BMI van die volgende kinders en sluit die berekeninge by elke antwoord in.

3.5.1

OUDERDOM VAN KIND	GEWIG	HOOGTE
4 jaar	25 kg	1,2 m

3.5.2

OUDERDOM VAN KIND	GEWIG	HOOGTE
3 jaar	20 kg	1,1 m

3.5.3

OUDERDOM VAN KIND	GEWIG	Hoogte
2 jaar	13 kg	0,9 m

(3 × 3) (9)

3.6 Verduidelik die volgende terme:

3.6.1 Postnatale depressie (3)

3.6.2 Prematuur baba (2)

[25]

VRAAG 4

4.1 Lumka is baie lomp op die speelgrond. Sy sukkel met hand-oog koördinasie: aktiwiteite soos die inryg van krale en hou speelgoed en boeke baie naby aan haar gesig.

4.1.1 Noem Lumka se probleem. (2)

4.1.2 Hoe kan Lumka in die klaskamer en buite op die speelgrond geakkommodeer word? (5)

4.2 4.2.1 Teken ‘n gedagtekaart en dui die DRIE basiese leerstyle aan. (3 + 1) (4)

4.2.2 Verduidelik hoe aktiwiteite van al die leerstyle deur die graad R leerkrag gebruik kan word om vorms aan die kinders te leer. (6)

4.3 4.3.1 Wat is die voordele van die gebruik van tablette in die klaskamer?

4.3.2 Wat is die nadele van die gebruik van tablette in die klaskamer? (2 × 4) (8)

[25]

VRAAG 5

5.1

Dr. Melanie Drake was ‘n Clarendon Preprimêre skoolkind wat in ‘n gesin sonder geslagsrestriksies grootgemaak is. Toe sy die nuwe prinsipaal in Clarendon Primêre skool geword het, het sy haar globale opvattings omtrent onderwys en geslagsgelykheid met haar saamgebring.

Volgens Drake se opvattings moet meisies grootword met die begrip dat hulle in hierdie veranderende wêreld dieselfde geleenthede as seuns het en dat geslagsrolle nie ‘n rol hoef te speel in die persoonlike, akademiese of loopbaanbesluite wat hulle maak nie.

[Aangepas uit: *Go Expres,* By: Tiso Blackstar Group]

Wat word met die term *geslagsgelykheid* bedoel? (2)

5.2 Waarom het dr. Drake die globale opvattings oor geslagsgelykheid in haar skool ingestel? (2)

5.3 Noem sosio-ekonomiese faktore wat die leervermoë in die vroeë kinderontwikkeling negatief sou affekteer. (3)

5.4 As ‘n nuwe hoof, hoe kon dr. Drake vooroordeel in haar skool verbeter? (4)

5.5 Hoe kan Suid-Afrikaanse meisies op ‘n vroeë ouderdom deur tegnologie bemagtig word? (4)

5.6 Analiseer die effek wat elkeen van die volgende op vroeë kinderontwikkeling en vroeë leerprosesse het.

5.6.1 Kultuur
5.6.2 MIV/VIGS

(2 × 5) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou